HOËRSKOOL RANDBURG

ALGEMENE OUEROMSENDBRIEF NOMMER 23 VAN 2021

17 Oktober 2022

Geagte Ouers/Voogde

Formele Toetsreeks vir November 2022: Graad 8 – Graad 11

1. **Die verloop van die eksamen**
   - Die leerders studeer tuis en kom slegs skool toe op die dag waarop hulle toets skryf. **Leerders verdaag na afloop van elke eksamen.** Sien die toetsrooster vir tyd geallokeer per vraestel.
   - **Sessietye**

Sessie	Graad 8 - 9		Graad 10 - 11	
1	**07:20**	Opening op die vierkant.	**07:20**	Opening op die vierkant
	07:40	Handboeke word ingeneem voor die snoepie.	**07:40**	Handboeke word ingeneem op die vierkant.
	08:00	Leerders verdaag na die eksamenlokaal.	**08:00**	Leerders verdaag na eksamenlokaal.
	08:15	Teenwoordigheid word afgemerk.	**08:15**	Teenwoordigheid word afgemerk.
	08:20	Vraestelle word uitgedeel. Leestyd.	**08:20**	Vraestelle word uitgedeel. Leestyd.
	08:30	Eksamen begin.	**08:30**	Eksamen begin.

2. **Konsessies**
   Ekstra tyd en amanuenses word slegs vir leerders aan wie **dit reeds toegestaan** is, toegeken. Ekstratydlokaal: T13. Vir enige navrae, kontak Me. N Mouton by die Sentrum vir Akademiese Uitnemendheid.

3. **Afwesighede en laat kom gedurende die toetsreeks**
   3.1 'n Mediese sertifikaat, met 'n geldige rede is verpligtend en moet by Me. N Mouton ingehandig word, **voordat hy/sy** die volgende vak skryf. Indien 'n leerder 'n eksamen mis sonder 'n doktersbrief sal hy/sy geen punte vir die vraestel ontvang nie. Briewe van ouers word nie as 'n geldige verskoning beskou nie.
   3.2 Indien 'n leerder laat / afwesig vir 'n eksamen weens onvoorsiene omstandigheide is, moet die ouers die skool in kennis stel voor aanvang van die vraestel.

4. **Algemene reëls en dissiplinêre kodes**
   Daar word van die leerders verwag om stiptelik by die onderstaande reëls en dissiplinêre kodes tydens eksamensessies te hou.
   - Die eksamenreëlings soos uiteengesit in dié omsendskrywe.
   - Leerders daag slegs op met nodige skryfbehoeftes / tekenapparaat in 'n **deurskynende sakkie**. Geen tasse nie.
   - Die **skoolreëls t.o.v. voorkoms (kleredrag, haarstyle, skeer, rook, ens.)** moet nagekom word.

TEL: (011)782 6226/7 • FAKS: 0866 517 902 • Malibongwe Rylaan • Posbus 77252, Fontainebleau, 2032
EPOS: hsrandb@global.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za

- Geen artikels soos "walkmans", **selfone, horlosiefone,** radio's, "gameboys", "i-pods" en "mp3"-spelers met oorfone sal toegelaat word nie.
- Geen leerders sal toegelaat word om die klasse gedurende die toetssessie te ontwrig nie.
- Geen leerder sal toegelaat **word om enige skryfbehoeftes te leen nie**.
- Geen eet- of drinkgoed sal toegelaat word nie. Indien 'n leerder 'n mediese sertifikaat het wat aantoon dat die leerder water gedurende die sessie moet gebruik, sal dit toegelaat word.
- Geen leerder word toegelaat om die toetslokaal tydens die sessie te verlaat nie.
- Leerders wat positief vir COVID toets en 'n positiewe uitslag op skrif het, mag nie by die skool wees nie. Hierdie leerders sal nie die eksamen inhaal nie. Die leerder sal 'n afwesig as punt ontvang en dus sal hul nie gepenaliseer word nie. Die bewys van 'n positiewe uitslag dien as doktersertifikaat.

5. **VSB – Verpligte Skoolbywoning**

Aan die einde van die eksamen word die leerders die geleentheid gegee om deur hul vraestelle te gaan om te kontroleer dat hul punte reg is. Leerders is verplig om hierdie sessies by te woon. Die rooster vir hierdie sessies sal nader aan die tyd aan die leerders deurgegee word asook op D6 geplaas word.

Daar sal **streng** by die eksamendatums en – tye gehou word. **Ouers word gevra om nie versoeke te rig om enige vraestel vroeër te skryf nie. Dit kan ongelukkig nie gebeur nie.**

Groete

E Gouws

E GOUWS: EKSAMENKOMMISSARIS

E Mans

E MANS: AKADEMIESE HOOF